

Vision

TuksSport adds value to the vision and mission of the University of Pretoria by being:

- A leader in the field of sport participation and management both locally and internationally,
- A professional home for athletes and volunteers who participate in TuksSport programmes, and
- A catalyst for sports development by adding value and making a contribution towards sustainable sports programmes in the larger South African community,

Mission

The Mission of TuksSport is to:

- Provide students and staff with an optimal opportunity to participate in sport and recreation within their means;
- Contribute to the positive marketing of the University by way of the performance of participants in sport and the presentation of outstanding programmes;
- Facilitate and promote community involvement and sustainable sport development;
- Create a climate within which all participants can bring to life their uniqueness, individual potential and expectations;
- Be a leader in sport management and utilize democratically elected club structures as well as in creating opportunities for all stakeholders to take ownership and become involved in activities of their choice;
- Be internationally competitive by providing the best possible coaching, scientific and athlete support measures and make the most of cutting edge technology and innovation available to enhance participation, performance and competitiveness;
- Create a culture within which all participants will learn and develop on an equitable basis, the core values of sport such as team spirit, camaraderie, solidarity and mutual respect. This will be achieved by conducting business with integrity and professionalism within an efficient, effective and professional organizational structure.

100
1908 - 2008



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

TuksSport

Voorsittersverslag	3
Agenda van Algemene Jaarvergadering	10
Notule	10
Spanfoto's: Sentraalspanne	12
TuksRugbyOndersteunersKlub	18
Huisligas	19
Tukkies in aksie	20
Driedrukreeks	22
Prestasies en toekennings	23



TuksRugby 2009

TuksRugby Voorsittersverslag

Die jaar 2009 was vir my persoonlik 'n interessante jaar. My eerste jaar in rugby administrasie was 'n totaal nuwe uitdaging wat ek geniet het en ook baie geleer het.

Die oefeninge het reeds die eerste week in Januarie 2009 afgeskop en die eerste vriendskaplike wedstryd vind reeds op 15 Januarie plaas met 'n kragmeting tussen Tuks 1 en Rusland, wat Tuks 14 – 10 wen. Op 24 Januarie speel ons teen Nelspruit en wen ver. Albei hierdie wedstryde was waardevolle voorbereiding vir die FNB Varsity Cup kompetisie wat reeds op 2 Februarie afgeskop het.

Prestasie

Die Rugbyklub het hierdie jaar slegs drie BBRU ligas gewen:-

Tuks Renegades	-	Carlton 4e liga
Tuks Jongspan	-	O/21 A -liga
Tuks O/19 A	-	O/19-liga

Tuks 1 wen wel die Lucas Strachan-skilld as wenners van die Carlton 1e rondte en speel in die finaal van die gesogte Carltonbeker teen Polisie en verloor 28 – 31, nadat die spanne gelyk was 21-elk met die blaas van die eindfluitjie. In die laaste minuut van ekstra tyd het Polisie die wenstrafdoel behaal. Dit was 'n baie teleurstellende dag vir Tukkies. Geluk aan Polisie met die wen van die Carltonbeker en verteenwoordiging van die Blou Bulle in die Nasionale Klub-toernooi.

In die jaarlikse Intervarsity teen die Universiteit van Johannesburg, het die Tukkiespanne gemengde welslae behaal (Tuks 1 het nie gespeel nie a.g.v. Varsity Cup verpligtinge teen UJ op Maandag 9 Maart 2009). Die Koshuise wen 3 van die 5 wedstryde. Van die 7 Tukkiespanne wat meegeding het teen UJ wen ons slegs 3 wedstryde (O/19B, O/20A en Tuks Pumas).

Die FNB Varsity Cup-reeks skop sy 2e jaar af op 2 Februarie 2009 te Potchefstroom. Tukkies speel teen Pukke in die hoofwedstryd en wen 29 – 27. Ander uitslae: Tuks 34 – NMMU 18, Tuks 45 – TUT 9, Tuks 22 – UCT 24, Tuks 22 – Shimlas 39, Tuks 3 – UJ 9, Tuks 25 – Maties 23. Tuks dring deur na die Semi finale teen Maties te Stellenbosch en verloor teen 'n begeesterde Matiespan.

Hierdie reeks wat Maandagaande regstreeks op televisie uitgesaai was, was 'n reuse sukses gemeet aan die leuse van "Rugby that Rocks" en toeskouergetalle wat in hulle duisende opgedaag het. Dit was egter teleurstellend om tuiswedstryde te moes afstaan as gevolg van ontoereikende beligting op die stadion. Om 'n tuisveld voordeel af te staan is demotiverend en plaas 'n span klaar op die agtervoet. Graag wil ek, namens

die bestuur, ons gelukwensing oordra aan Maties met die wen van die FNB Varsity Cup reeks vir 2009. Tuks sal egter reg wees vir die stryd in 2010!

Die USSA Studente Toernooi vind plaas vanaf 29 Junie – 3 Julie 2009 by die velde van die Universiteit van Johannesburg. Tukkies stuur egter 'n jongspan, maar verloor al drie wedstryde. Tuks 6 – Pukke 41, Tuks 21 – Varsity College 29, Tuks 24 – Maties 32.

Die SA Studente Sewes-span speel in die Wêreldbeker Studente Toernooi te Frankryk 10 – 15 Mei 2009. Die volgende bestuurslede en spelers vergesel die span.

Afrigter	:	Freddie Grobler
Logistieke Bestuurder	:	Jannie Robbertse
Kondisionering/Fiksheid	:	Shaun du Toit
Spelers	:	Kruger van Heerden Shaun Davids

Die Nasionale Klub Kampioenskappe word uiteindelik nie meer in die Kaap aangebied nie, maar wel by Tukkies se velde met natuurlik die afwesigheid van Tuks 1. Geluk aan die Tuks Rugbyklub en die Blou Bulle wat 'n uitstekende toernooi aangebied het. Hamiltons speel teen Pukke in die finaal op Loftus Versfeld en wen 36 – 34. Ons gelukwensing ook aan Hamiltons vir die prestasie.

TuksRugby is ook trots op die bydrae wat Vrouerugby, Jeugrugby, Rolstoelrugby en Leaguerugby lewer om Tukkies se naam nog verder uit te bou.

Op die huidige stadium oorleef die klub finansiële net en is dankbaar vir die bydrae van die Universiteit en ander borge, maar groot borge sal dringend gevind moet word om die klub in die toekoms in sy totaliteit lewensvatbaar en kompetend te kry en te hou, veral met die finansiële behoeftes van spelers.

TuksRugby ondersteun ook ontwikkeling in veral die tradisioneel agtergeblewende gemeenskappe met uitreik aksies waar afrigtingswerk gedoen word Mamelodi, Atteridgeville en Soshanguve.

Op werwingsgebied was TuksRugby-personeel en afrigters betrokke by die Cravenweek, Bondedag en Super 16-reeks vir Hoërskole. Verskeie skole in die Blou Bulle, Pumas-, Valke en Limpopo-streek is ook besoek om belowende spelers te werf.

Die bydrae wat TuksRugby jaarliks lewer t.o.v. spelerslewering aan verteenwoordigende Nasionale spanne en veral die Blou Bulle, is enorm – die indrukwekkende lys van name word hieronder vermeld.

Ek wil dan ook namens die bestuur, al ons Afrigters en Spanbestuurders by sentraal, asook die huisespanne vir hulle opoffering en onbaatsugtige dienslewering in belang van rugby by Tukkies, bedank.

Ten slotte 'n spesiale woord van dank aan ons klubborg, Eerste Nasionale Bank. Groot dank ook aan Derick Carstens en Francois Pienaar. Dankie ook aan al ons ander borge wat die klub ruim ondersteun en wat elders vermeld word.

Daar heers 'n gesonde verhouding met die Media en weeklikse berigte verskyn in koerante en graag wil ek ook vir Morris Gilbert, ons mediabestuurder daarvoor bedank.

Verteenwoordigende Spanne 2009

TuksRugby is besonder trots op sy spelers se prestasie soos hieronder genoem:

Springbokspan

Bryan Habana	Fourie du Preez
Danie Rossouw	Chilliboy Ralepelle
Victor Matfield	Wynand Olivier
Pierre Spies	Morné Steyn

SA Studente span

Clayton Blommetjies

Opkomende Springbokke

Dewald Potgieter (Kaptein)
Wilhelm Steenkamp

SA O/20-span

Clayton Blommetjies	Tendayi Chikukwa
Gerhard van den Heever	Cornell Hess
Sampie Mastriet	Marnus Schoeman
Francois Brummer	Morné Mellet
Christiaan Stander	Zane Botha
Omphile Seabela	

SA Rolstoelspan

Victor Buitendag
Jaco Dorfling (Afrigter)

SA Studente Sewes-span

Kruger van Heerden
Shaun Davids
Freddie Grobler (Afrigter)
Jannie Robbertse (Logistieke Bestuurder)
Shaun du Toit (Fiksheidskoördineerder)

SA Universiteite Sewes-span

Freddie Grobler (Afrigter)
Jannie Robbertse (Logistieke Bestuurder)
Shaun du Toit (Fiksheidskoördineerder)
Shaun Davids o/k
Gerhard van der Merwe
Ockie Kruger
Branco du Preez
Deon Helberg

SA Vroue Nasionale-span

Yolanda Meiring
Onica Moaga

SA Vroue Sewes-span

Yolanda Meiring

SA League Rugby (Rhinos)

Jonathan Soares
Riaan Engelbrecht
Franco Vermeulen

Blou Bulle Super 14-span

Wynand Olivier	Pierre Spies
Fourie du Preez	Deon Stegmann
Marius Delpont	Wilhelm Steenkamp
Danie Rossouw	Dewald Potgieter
Pedrie Wannenburg	Burton Francis
Morné Steyn	Chilliboy Ralepelle
Victor Matfield (Kaptein)	Frik Kirsten
Bryan Habana	Gerhard van den Heever

Blou Bulle Curriebeker-span

Marius Delpont	Ruan Snyman
Morné Steyn	Burton Francis
Dewald Potgieter	Chilliboy Ralepelle
Deon Stegman	Bryan Habana
Wilhelm Steenkamp	Gerhard van den Heever
Pedrie Wannenburg	Francois Hougaard
Wynand Olivier	Frik Kirsten
Victor Matfield (Kaptein)	Gerrit-Jan van Velze
Fourie du Preez	Francois Brummer
Danie Rossouw	CJ Roos
Pierre spies	Stefan Watermeyer
Fudge Mabeta	Marnitz Boshoff

Blou Bulle Vodacom-span

Rocco Jansen	Vincent Gwavu
Francois Brummer	Marius Delpont
Okkie Kruger	Gerhard van den Heever
Henri Bantjies	Frik Kirsten
Gerrit-Jan van Velze	Ruan Vermeulen
Ruan Boshoff	Fudge Mabeta
Stephan Dippenaar	Bosman Grobler
Francois Hougaard	Marnitz Boshoff
Dean Greyling	

Blou Bulle O/21-span

Stephan Dippenaar	Rossouw de Klerk
Stefan Watermeyer	Henri Bantjies
Ruan Snyman	Morné Mellet
Gerrit-Jan van Velze (Kaptein)	Zane Botha
Jaco Fourie	Peet Vorster
Ignick Windvogel	Oswin Mentoor
Tom Seabela	Deon Helberg
Marnitz Boshoff	Corné Fourie
Danie Faasen	Nico van Zyl
CJ Stander	Jean-Claude Roos
Tenayi Chikukwa	Simphiwe Mthimkulu
Cornell Hess	Ernst Dinkelman
Marnus Schoeman	Thabo Motau
Louis Boshoff	
Devin Oosthuizen	

Blou Bulle O/19-span

Ettienne Greeff	Sampie Mastriet
AJ le Roux	Clayton Blommetjies
Juan Pike	Jaco Oosthuizen
Theuns Dercksen	Ernst Dinkelman
Andries Ferreira	Pieter Gothan
Ryno Lopes	Fanie Booysen
CJ Stander (Kaptein)	Marius Oosthuizen
Louis Boshoff	Vincent Koch
Ruan van Rooyen	Braam van der Merwe
JC Roos	Wihan Visagie
Justin van Staden	

Blou Bulle Vroue A-span

Jennifer Modiba	Nicolene Lubbe
Yolanda Meiring	Yolandi Marais
Boniswa Mahlangu	Vuyolwethu Vazi
Veronica Malantswane	Mapule Moremi
Pulane Motlounge	Jane Mothumi
Onica Moago	Tanya Meyer
Mokgethi Maleka	Judith Chauke
Ilse van Staden	Chantel Dikgale
Cindy Cant	Mpumi Maseko
Portia Malinga (Kaptein)	Casper van der Walt (Afrigter)
Sarah Mahlangu	

Blou Bulle Vroue 7's A-span

Jennifer Modiba	Judith Chauke
Veronica Malantswane	Kerry Townley
Pulane Motlounge	Riaan van der Merwe (Afrigter)
Onica Moaga	Konrad Lötter (Mede-Afrigter)
Ilse van Staden	Caroline Makhanya (Spanbestuurder)
Nicolene Lubbe	
Vuyolwethu Vazi	
Mapule Moremi	

Blou Bulle Vroue 7's B-span

Chantel Dikgale	Judith Chauke
Mokgethi Maleka	Mpumi Maseko
Tanya Meyer	Linda Moremi

Noord Gauteng League-span

Jonathan Soares	Johan Steenkamp
Riaan Engelbrecht	Marchelle Slabbert
Christo Greyling	Pieter van der Nest
Deon Kraëmer	Rupert Wells
Franco Vermeulen	Ryno Adendorff
Henco Barnard	Wayne van der Westhuizen
Johan Smit	

Noord Gauteng Rolstoelspan

Louis Nieuwoudt	Freddie Koch
Jaco Payne	George Welgemoed
Bennie Dorfling	Gerhard Swarts
Yolande Oosthuysen	Smanga Mtshali
Paul de Kock	Robert Sekgobela
Victor Buitendag	Pumlani Mlotshwa
	Jaco Dorfling

Blou Bulle Senior Amateurspan

Wesleigh Marais	Stanley Twiname
Jacques Botha	Danie Oosthuizen
Ettienne Breytenbach	Dries Schoonbee (Spanbestuurder)
Kurt Haupt	Blikkies Groenewald
Henjo van Niekerk	(Sameroeper keurkomitee)
Gert Lubbe	
Lutho Nyeka	

Blou Bulle O/21 Amateurspan

Carl Gliddon	Rufus Steenkamp
Tshoshane Branden	Zylan Magaffin
Felix Godlo	David Manuel (Afrigter)
Theuns Kruger	

Blou Bulle O/19 Amateurspan

Ryno Maas	Jaco du Preez
Neels Pienaar	Gustav Erasmus
Guy Dobson	Jack Thabalala
Renier Wiessener	Simo Ntuli
Pieter Peens	Johny Geyer
Pieter Strydom	Ettien Bouwer
Henco Oosthuizen	Armand Robbertse
Louwrens le Grange	Neels Grobler (Spanbestuurder)
Bob Rutshidi	

Goue Leeus Curriebekerspan

Johan Jackson

Valke Curriebeker 1ste Divisie-span

Franco Booysen
Johan de Bruyn

Valke O/19-span

Neil Janse van Rensburg	Ricardo Labuschagne
Willie Swart	Ivan Pretorius
Johan van der Westhuizen	Tembi Kosi Mavuso

Valke O/21-span

Chester Mabaleka

Pumas O/19-span

Rudolf Lubbe	JW Bell
Ruan Grobler	Devan Kruger
Johny Moller	Wian Blignaut
Reinardt Pretorius	

Pumas O/21-span

Hein Pretorius	Neil Flynn
Werner du Preez	Rudie Marx
Marco van Deventer	Noël Gazide

TuksRugby Driedrukreeks

TuksRugby bied die vyfde jaar die Skole Driedrukreeks vir Gr 11-leerders, wat afgeskop op Donderdag 6 Augustus 2009, suksesvol aan met 'n rekordgetal van 26 skole wat deelgeneem het in die toernooi wat oor vyf weke gestrek het. Skole so ver as Thabazimbi, Potgietersrus en Middelburg was betrokke by vanjaar se Driedrukreeks.

Reëlingskomitee:

Het bestaan uit: Conrad Boshoff, Neels Grobler, Johan Korff (Beeld) en Gerhard Roodt (BBRU Skeidsregtersvereniging). Ons dank ook aan hulle vir harde werk om dit 'n sukses te maak.

Skeidsregters:

Daar word gebruik gemaak van die BBRU Skeidsregters vir al die wedstryde. 'n Pluimpie aan al die skeidsregters wat gereeld betyds was vir wedstryde en

deurlopend goed geblaas het. Spesiale dank aan Mnr Gerhardt Roodt wat meegehelp het dat die kompetisie 'n groot sukses was.

Noodhulp:

TuksSport Noodhulp onder leiding van Christien van der Merwe en haar noodhulpspan het 'n puik diens gelewer en hul rol kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hulle is voorwaar 'n uitstalvenster vir TuksSport. Groot dank ook aan hulle.

Wenners:

Poel A	AHS
Poel B	Oos Moot
Poel C	Hoërskool Piet Potgieter
Poel D	Tswaing
Poel E	Hoërskool Hendrik Verwoerd

Goeie media dekking verskyn weekliks in die Beeld en Rapport koerante. Ons dank en waardering aan Mnr Johan Korff vir die verslaggewing.

Tuks T-hemde wat aan die kinders uitgedeel is was 'n groot sukses.

Pragtige hardlooprugby is deurlopend opgedis deur al die skole.

Skolespanne vind baat by die Driedrukreeks, deurdat Gr 11 en jonger, talent ontwikkel word vir die volgende jaar.

Powerade wat gedurende die hele reeks beskikbaar was vir die spelers het bygedra tot die goeie gehalte van spel.

Multi-kulturele skole soos Steelcrest, H.F. Verwoerd en Pretoria Technical High School kry die geleentheid om te bewys dat hulle rugby bevorder.

Eersterust, Atteridgeville asook Tswaing (swart skole) het ook deelgeneem aan die toernooi.

Huiseliga

Huiserugby hierdie jaar by Tukkie was weereens 'n sukses!! Alle truie, broeke en kouse is vir die koshuise en daghuise gratis verskaf.

Aan die begin van die jaar het die Huiserugby-seisoen afgeskop met die Steinhoff-TuksRugby-Uitklopliga. Sestien O/20-spanne en Tien 1ste spanne het deelgeneem aan hierdie kompetisie. Baie goeie rugby is opgelewer gedurende die Uitklopliga. Die wenners van die onderskeie groepe was as volg:

1ste Spanne (Beker)	– Maroela
1ste Spanne (Plaat)	– Geelhout
O/20 Spanne (Beker)	– Maroela
O/20 Spanne (Plaat)	– Taaihos

Tydens die jaarlikse Intervarsity wat gespeel word tussen Tuks en UJ het die Tukkie koshuisspelers weereens gewys dat hulle beskik oor die beste koshuisspelers tussen die twee Jukseie vyande. Van die vyf wedstryde wat

gespeel is wen Tuks drie wedstryde en verloor ongelukkig twee wedstryde.

Maroela het Tuks hierdie jaar weer verteenwoordig by die FNB Varsity Cup Koshuise kompetisie. Hierdie jaar se kompetisie is ingedeel in 'n Noord en 'n Suid-Streek. Maroela wen 2 uit hul 3 wedstryde in die Noord-streek en kwalifiseer dus vir een van die halfeindstryde. Maroela se halfeindstryd was gespeel teen Armentum van Kopsies maar verloor ongelukkig met Armentum wat dan ook op die ou einde die wenners van die kompetisie was. Maar weereens geluk aan Maroela wat Tuks se naam hoog gehou het in die kompetisie.

Die Steinhoff-Tuks Huiseliga het afgeskop in April en is op 'n ander formaat gespeel as in die verlede. Spanne is ingedeel in 'n X-groep en 'n Y-groep. Na die groepwedstryde was daar 'n TOP 8-rondte waar spanne van die X en Y groepe oorkruis teen mekaar gespeel het. Kwarteind en Semi's is ook gespeel. Die finale wat gespeel is, was seker die beste wat dit in jare was!! By die 2de spanne het Varsity Old Boys die verdedigende kampioen van 2008 EBIT gewen (17 – 7)! Die O/20-span se kampioen was Taaihos. Hulle het Sonop se O/20-span met 13 – 8 in die finaal geklop.

As enige fynproewer van rugby gedink het dat die 1ste span-finaal nie rugby sal opdis wat mens sou verwag het nie, was almal verkeerd bewys.

Na gewone tyd was die telling tussen Maroela en Onderstepoort 11-elk. Die 2 spanne het toe weer die veld gevat waarby daar 2 helftes van 7 minute elk gespeel is. Aan die einde van ekstra tyd was die telling 17-elk en agv een van die reëls wat sê "Die span wat die 1ste drie druk wen die wedstryd, het Maroela die trofee gewen.

Baie sterkte aan Maroela wat Tuks weer sal verteenwoordig by die FNB Varsity Cup Koshuise-rugby-kompetisie in 2010.

Die Steinhoff-Tuks Sportfeesdag, gespeel op Dinsdag 15 September was weereens 'n sukses, waar die Tuks eerstespanne teen gekombineerde koshuisspanne gespeel het. Met nuwe truie wat die Tuks Barbarians gekombineerde koshuisspan in gespeel het asook nuwe sportkodes (netbal, hokkie en sokker) wat deelgeneem het, het dit 'n nuwe kleur aan die dag gegee.

Die uitslag van die hoofwedstryd was 62 – 27 vir Tuks 1 maar die Barbarians kan hulle koppe hoog hou. Baie van die spelers wat in die Barbariansspan gespeel het, is 1ste jaar studente, dus lyk die toekoms goed vir huiserugby.

2010 gaan 'n baie interessante jaar wees vir Huiserugby. Die Sokker Wêreldbeker word in Suid-Afrika aangebied en spanne gaan van Tuks se velde gebruik maak. Huiserugby sal dus vroeër begin met hulle ligas.

Blou Bulle TuksRugby Akademie

Die hoogtepunte vir die jaar 2009 was sekerlik die samesmelting van die Tuks Rugby Akademie met die Blou Bulle Kollege. Waar daar 'n doelwit was om Junior Rugby op klubvlak in Pretoria te bevorder, het logistieke probleme hierdie doelwit gekelder en daar is teruggeval op die ou resepe wat werk.

Dit is verbasend hoeveel spelers die Akademie weereens hierdie jaar vir streekspanne gelewer het, en ons besef dat die Akademie die ruggraat van TuksRugby word. Nog meer sien ons baie van ons spelers hulle rugby-loopbane voortsit by ander klubs in en buite Pretoria. By Provinsiale spanne is al hoe meer Tuks Akademie spelers betrokke.

Wat die program aanbetref is die kwaliteit van hoogstaande gehalte en die afrigting puik. Om maar net te noem dat die SA Studente Universiteite span se afrigter by die Akademie betrokke is.

Wat die spelers betref kondig ons met trots aan dat 3 van ons seuns, (nie gekontrakteur nie), permanent in die Blou Bulle se O/19 begin-span is. By die Pumas is daar sewe O/19 en ses O/21, by die Valke ses O/19 en een O/21, en by die Blou Bulle Amateurspan is daar vyf O/21 en nege O/19 spelers vanaf die Akademie.

Ons sien uit na die jaar 2010 waar ons alreeds 80+ seuns op ons boeke het en die vooruitsigte dat ons TuksRugby wil versterk.

Ons wil net aan ons Hemelse Vader die dank en eer gee vir al die talente van die spelers en afrigters wat ons by die akademie ontgin.

Jeugrugby

TuksJeugrugby het weereens in 2009 gewys dat hulle die beste Jeugrugbygroep in die Blou Bul-streek is. Oefeninge vir die Jeugrugby het in Mei-maand vir die laerskole begin op die velde van Tukkies. Die Hoërskole afdeling het eers begin oefen na afloop van die normale skoolgawedstryde.

Ongelukkig het die Nashua 10's toernooi nie hierdie jaar plaasgevind nie agv 'n hewige reën-storm.

Tuks het ook 5 spelers in die O/15 IPT-span gehad wat deelgeneem het in die Rugby-toernooi tydens die Septembervakansie.

In die liga het Tuks gewys dat geen ander klub kan tred hou met die spanne van Tuks nie. By die Laerskoolafdeling het Tuks 6 spanne gehad (O/9, 2X O/10, O/11, O/12 en O/13) en by die Hoërskoleafdeling het Tuks 2 spanne gehad (O/15 en O/18). In die liga het die laerskoolspanne net 2 wedstryde verloor en by die Hoërskoolspanne het Tukkies al hulle wedstryde gewen.

Groot dank gaan aan die volgende persone vir al hulle harde werk tydens hierdie jaar se Jeugrugbyseisoen:

Conrad Boshoff	Koördineerder TuksRugby
Micheal Kurz	Voorsitter
Rianto van Reenen	Laerskole
Jan Smit	Laerskole
Lukas Gouws	Hoërskole
Braam Scheepers	Hoërskole
Johan Bester	Hoërskole
Christo van Rensburg	Hoërskole

Ons sien baie uit na wonderlike 2010 seisoen!

Vrouerugby

Tuks Vroue Rugby het weereens 'n suksesvolle jaar beleef.

Yolanda Meiring en Onica Moaga is gekies vir die Springbok 15-span en het in 'n maandlange toernooi in Kanada teen die top lande gaan meeding ter voorbereiding vir die 15's Wêreldbeker in Engeland 2010.

Tuks 7's

Die 7's het met rasse skrede verbeter en het suksesvol meegeding teen Rusland 7-12, 12-17 en 24-17.

Tuks het ook in die Reunion Internasionale Sewes meegeding vanaf 18-22 Junie 2009, en die uitslae was as volg:

Tuks 55 – Mayotte 0

Tuks 10 – Madagaskar 0

Tuks 22 – Reunion 5

Tuks 7 – Frankryk 17

Tuks Vroue het Suid-Afrika suksesvol verteenwoordig in hierdie toernooi en net-net in die finaal verloor.

Yolanda Meiring het uitstaande spel gelewer.

Tuks 7's jeugspanne het suksesvol teen Kgomotso, Mamelodi, Venda Universiteit en Atteridgeville meegeding.

Pearl Mano het as kaptein 'n groot rol in die sukses gespeel.

Tuks Afrigters sowel as spelers nl. Veronica Malantswane, Pulane Motloun, Madie Groenewald, Onica Moaga en Jennifer Modiba is intens betrokke by afrigting in Mamelodi en by CR Swart Hoërskool.

Tuks 15's

Tuks het nog teen geen provinsie in SA verloor nie en het weereens teen die Cheetahs 47-0 gewen, sowel as teen die Luiperds 55-5.

Geen ander provinsie was egter bereid om teen Tuks te speel nie.

Provinsiale spelers: 15's

Tuks Vroue het 20 spelers opgelewer aan die Blou Bulle.

Provinsiale spelers: 7's

Tuks Vroue het 8 spelers vir die A-span opgelewer, sowel as 10 vir die B-span.

International players:

Kerry Townley, a British Police officer played for Tuks

Ladies Rugby during the 2009 season and made a huge impact in the Reunion 7's.

Milou Graas, a Dutch student excelled for Tuks playing 7's.

Ek bedank elke speler wat hierdie jaar vir Tuks Vroue uitgedraf het en so die klub 'n sukses gemaak het.

Spesiale dank aan Iceman (ons borg), Casper van der Walt, Konrad Lotter en Caroline Makhanya vir hulle bydrae deur die jaar en mag die volgende jaar net nog beter wees.

Tuks RugbyOndersteunersKlub (TROK)

Die komitee van 2009 was Henry Windell (Voorsitter), Sias van den Berg, Ewoud Malan, Frans Geldenhuys (Oud -Spelers), Jan du Raan, Zack du Plessis (Oud-Studente), Henry Joubert, Deon Fitchet (Oud NKP-Spelers), Conrad Boshoff (JeugRugby), Ilze Wicksell (Sekretaresse) Ex-officio- lede : Wynand Claassen (TuksSportAlumni /President van TuksRugby), Gert van Coller (Uitvoerende Bestuurder TuksRugby), Kobus van der Walt (Direkteur TuksSport).

1. Verskeie projekte word voortdurend bestuur. Gereelde maandelikse sake-etes word bygewoon deur oud-spelers, ondersteuners en uitstekende gassprekers. Ledewerwingsveldtog bly van krag.
2. McCarthy Toyota Gholfdag. In samewerking met TuksSportAlumni word gholfdae aangebied by verskeie dorpe. Finansiële bystand aan belowende spelers word verskaf. 'n Groot stap is geneem toe die oud-spelers en ondersteuners van die verdwene NKP deel van die Trok-geledere geword het. Skitter bydraes en kundige advies word reeds vanuit die omgewing ontvang.
3. Verskeie projekte word vir die volgende jaar in vooruitsig gestel, onder andere: 'n houtdek by die bestaande klubhuis; borgwerwing, sodat Trok sy finansiële plig teenoor studente en die rugbyklub kan nakom.
4. Die strewes bly steeds om Trok 'n groter en meer effektiewe klub te maak en 'n netwerk daar te stel om alle Oud-Tukkies en Oud-NKP-spelers saam te snoer tot voordeel van die Universiteit.

Wheelchair Rugby

The Wheelchair Rugby Club at Tuks would like to thank everybody who gave their support to the team in 2009! We had a very eventful year even though blood, sweat and tears could not bring us the trophies home. This year the poor able-bodied team took a big beating from our club at various games ("Maybe next time guys!!!").

We also had a bitter sweet event when our coach was appointed coach of the National team. Congratulations to Jaco Dorfling.

We would also want to congratulate Victor Buitendag who made the National Team and is going to New Zealand in November.

The club also took it upon us to do wheelchair rugby awareness in Lenasia and Rustenburg.

Of course we never lack when it comes to social and team building. On 22 August 2009 the team dressed up as ladies and participated in the Spar Womens Challenge.

As team we decided we did not have enough and did the 5km OT Fun Run at Fountains Valley on 12th September.

"We were like flying bullets downhill!!!"

Look out for our new website next year and if you want to join us for a game please contact Yvette v.d Westhuizen at 082 841 5323, Yolande Oosthuysen at 083 264 7321 or Cobus van Zyl at 083 797 3721.

Tuks League Rugby

Rugby League is as 'n nuwe sportsoort geregistreer by TuksSport. Huidiglik is ons geplaas onder voogdyskap van TuksRugbyklub.

Die oorsprong van die spel is ook van Britse Eilande (net so oud soos die 15-man rugbykode) en word wêreldwyd gespeel. Die spel van die spel was vroeër jare verban in SA weens die professionele status (betaling aan spelers) wat die sportsoort gehad het. Springbok-spelers soos Tom van Vollenhoven was permanent geskors uit SA Rugby weens sy verbintenis met die sportsoort in Brittanje.

Rugby-League is 'n 13-man kode wat met minder reëls speel as 15-man rugby. Daar is byvoorbeeld geen lynstane asook losskrums nie. Die spel word ook op 'n normale rugbyveld gespeel.

Pretoria Bulls Rugby League het "rondgeswerf" vanaf 1992 om 'n tuisveld te vind waar die span kan oefen en wedstryde speel. Deur die jare het die klub talentvolle spelers opgelewer wat die nasionale span nl. Die "Rhino's" gehaal het. Toestemming is verleen in 2008 deur UP en dat Rugby League te Tuks Groenkloof Kampus kon speel onder die vaandel van TuksRugby.

Die Rugby League-seisoen is gedurende die somer nl. vanaf Augustus tot-en-met Februarie-maand.

Die groei in die sportsoort het die nasionale beheerliggaam (SARL) genootsaak om "provinsiale"-strukture te identifiseer om sodoende hulp te verleen aan klubspelerontwikkeling.

Tuks Rugby-League span (13-man kode) het in sy eerste jaar as 'n UP sport-affiliaal die volgende sportprestasies behaal gedurende die somer-seisoen:

Kompetisies:

Wenner van die plaaslike Rugby League klub-kompetisie (5 klubs)

Wenner van die Nasionale Rugby League klub-kampioen-kompetisie (Rhino-Cup) uit 18 Rugby League klubs.

Speler-verteenwoordiging:

TuksBulls Rugby League-span is op provinsiale-vlak (Northern Bulls) deur 13 spelers verteenwoordig in provinsiale wedstryde.

Internasionale vlak:

Die volgende spelers het Nasionale kleure verwerf; Met 'n oorsese toer met toetse teen British Amature Rugby League Association (BARLA) na die Britse Eilande;-

Riaan Engelbrecht

Jonathan Soares

In Tuis-toetse teen die Nasionale Britse Weermag-affiliaal (British Army)

Riaan Engelbrecht

